Beste Kollega

KERKJAARBOEK 2019

1. Inleiding

Die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) hanteer alle aangeleenthede wat gelegitimeerdes raak. Dit sluit in die legitimasie (toetrede), instandhouding van bevoegdheid asook die administrasie wanneer gelegitimeerdes hulle bevoegdheid verloor.
Die ATP is ook verantwoordelik om jaarliks die biografiese inligting wat tot ons beskikking is in ons databasis aan Bybelmedia te voorsien vir opname in die Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

2. Biografiese inligting aan Jaarboek 2019

Graag wil die ABR-kantoor seker maak dat alle gelegitimeerdes se biografiese inligting is korrek. Daarvoor vra ons weer asseblief elkeen se samewerking. U ontvang hiermee saam weer u jaarlikse aanmeldings dokument wat al u inligting bevat.
Hierdie dokument het reeds gedurende Mei/Junie 2018 uit die ABR kantoor ontvang.

a. Dankie vir elke gelegitimeerde wat reeds daarop gereageer het en aan die kantoor bevestig het dat dit korrek is, en indien nie, die korrekte inligting aan die kantoor voorsien het.
b. Ter wille van korrektheid versoek ons u om dit weer vinnig te kontroleer sodat dit so volledig moontlik aan die Jaarboek beskikbaar gestel kan word vir publikasie
c. Indien al u inligting korrek is soos u vir 2018 aangemeld het, is dit nie nodig om terug te antwoord nie.
d. Indien daar foutiewe en/of ontbrekende inligting is, word u versoek OM VOOR OF OP 15 OKTOBER 2018 die korrekte inligting aan die ABR kantoor te stuur.

3. Verantwoordelikheid

Die ABR Kantoor kan slegs verantwoordelikheid vir die korrektheid van die biografiese inligting wat in die Jaarboek 2019 aanvaar, indien elke gelegitimeerde dit aan die kantoor voorsien.
Maak dus asseblief seker dat u inligting korrek is, sodat dit vir geen party verleentheid veroorsaak wanneer die Jaarboek 2019 gepubliseer word nie.

Baie dankie

Groetnis

Dr Dewyk Ungerer

Bestuurder: Algemene Taakspan Predikantesake
Algemene Sinode van die NG Kerk
Posbus 13528, Hatfield, Pretoria, 0028
Tel: +27 (12) 342 0092
Faks: +27 (12) 342 0380
E-Pos: dewyku@iafrica.com
bevoegdheid@ngkerk.org.za